# Tema 9: Natuurrampe

## Week 7

| |
|---|
| Werkboek 3: bl. 60 - 70 |
| Spellingboek: bl. 66 - 68 |
| Skrifboek: bl. 53 - 54 |

## 1. Luister en praat

3 dae 15 minute

Mondelinge werk aan die begin van die dag (Daagliks)

- Bespreek die weerkaart en pas dit aan.
- Wens leerlinge geluk wat verjaar.
- Bespreek spesiale gebeurtenisse van die dag.
- Voltooi die register.
- 'n Paar leerlinge vertel hulle nuus. Neem beurte, luister sonder onderbreking en toon respek vir die spreker.

Gefokusde luister- en praataktiwiteite

Dag 1
Leerlinge bespreek natuurrampe. Ken jy iemand wat al in 'n natuurramp was? Vertel kortliks in jou eie woorde.

Dag 2
Bespreek die volgende tydens 'n klasgesprek. Sou jy sê dat sneeustortings 'n gevaar in ons land kan wees? Verskaf redes vir jou antwoord.

Dag 3
Bespreek die volgende tydens 'n klasgesprek. Wat dink jy is die gevaarlikste natuurramp? Gee redes vir jou antwoord.

- Integreer met lewensvaardigheid.

## 2. Lees en klanke

Gedeelde lees

3 dae 20 minute

Werk klassikaal met al die leerlinge.

Dag 1
Lees die toneelstuk "**Prins Dapper en die draak**" in die werkboek. Die onderwyser verdeel leerlinge in verskillende karakters, byvoorbeeld prins en koningin. Elkeen lees sy stukkie. Dramatiseer.

Dag 2
Herhaal die toneelstuk en gebruik ander leerlinge vir die karakters.

Dag 3
Gedeelde skryf. (Na aanleiding van toneelstuk) Voltooi die opdrag skriftelik in die werkboek:

1. Verkleinwoorde
2. Meervoude
3. Maak sinne klaar
4. Vul hoofletters in

## Groepbegeleide lees

5 dae ◐ 30 minute

Groepe van ses – tien leerlinge lees dieselfde teks onder begeleiding van die onderwyser. (15 minute elk)

Gebruik 'n gegradeerde leesboek vir groeplees.

1. Inleiding:
   - Stel die onderwerp bekend.
   - Help die leerlinge om die onderwerp aan hul eie lewenservaring te koppel.
2. Bespreek prente of illustrasies en wys belangrike inligting uit.
   - Stel vrae oor moontlike verloop van die gebeure.
   - Bespreek nuwe of moeilike woorde voordat leerlinge self die les lees. (2 – 3 minute)
3. Eerste lees:
   - Leerlinge lees die teks individueel – hardop, fluisterlees of stillees.
   - Beweeg van leerling tot leerling en luister na 'n kort teksgedeelte wat hardop gelees word.
   - Moedig leerlinge aan om korrek te lees.
4. Bespreking:
   - Bespreek die antwoorde op vrae.
   - Sluit klankfokus, begrip of taalaspek in by bespreking.

## Lees in pare en selfstandig lees (ekstra leesoefening)

Leerlinge kry die geleentheid om hulle leesvaardigheid in te oefen en word aangemoedig om selfstandig te lees.
Leesinoefening moet plaasvind op 'n gereelde daaglikse grondslag.

- Leerlinge lees boeke op hul eie of in pare.
- Klas- of groepleesboeke kan herlees word.
- Aanvullende leesboeke en "pretboeke" kan gebruik word.
- Leerlinge kan in pare sit om saam te lees of beurte neem om te lees.

- Onafhanklike aktiwiteite vir leerlinge wat nie deelneem aan groeplees nie:

  Maandag
  - Spelreël: Woorde wat met ’n l, n, r, aai, oei, eeu eindig kry ’n –tjie in die verkleiningsvorm, byvoorbeeld skoen – skoentjie.
  - Kies tien woorde uit die spellys en maak sinne in die spellingboek.

  Dinsdag
  - “Paul het ’n skatkis gevind.” Help hom om die sleutel te vind wat die kis oopsluit. (werkboek)

  Woensdag
  - Kyk na prentjies van “sport” in die werkboek en skryf die woord wat pas onder elke aktiwiteit neer.

  Donderdag
  - Leerlinge vertel grappies vir mekaar (mondeling).

  Vrydag
  - Lees vir genot uit die leeshoekie in die klas. Skryf jou boek se naam (titel) en outeur (skrywer) agter in jou werkboek, sê of jy die boek geniet het en gee ’n rede.

## Klanke

3 dae 15 minute

Dag 1

- Lees en klank spellyswoorde saam met die onderwyser.
- Verduidelik moeilike woorde.
- Lees die sigwoorde in die spellingboek.
- Voltooi die blokkiesraaisel in die spellingboek: vul in –tjie of –etjie

Dag 2

Speltoets -tjie in die werkboek (10 woorde)

| | |
|---|---|
| tafeltjie | muurtjie |
| vlooitjie | leeutjie |
| treintjie | maantjie |
| skoentjie | stoeltjie |
| koeitjie | lemoentjie |

Dag 3

Diktee -tjie (werkboek)

1. Die stoeltjie staan by die tafeltjie.
2. Die seuntjie speel met sy treintjie.
3. Daar loop ’n straaltjie water uit die kraan.
4. Ek eet ’n klein lemoentjie.
5. Die babatjie se oortjie is seer.
6. Die hond spring oor die lae muurtjie.

## 3. Skryf

### Handskrif

3 dae 15 minute

Dag 1
- Leerlinge oefen skrifstrokie 1 in die skrifboek.
- Skryf twee rye van leerling se eie naam.
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen letters en woorde.

Dag 2
- Leerlinge oefen skrifstrokie 2 in die skrifboek.
- Leerlinge skryf hul eie adres in die skrifboek.
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen letters en woorde.

Dag 3
- Leerlinge oefen skrifstrokie 3 in die skrifboek.

  1 2 3 4 5 6 7 8 9 0
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen letters en woorde.
- Sinne: Skryf drie sinne uit die leesboek in jou skrifboek.

### Selfstandig skryf

3 dae 20 minute

Dag 1
Voeg sinne saam deur voegwoorde te gebruik soos dus, en, maar, omdat, tog, want en daarom.

Dag 2
Onderstreep die selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde en werkwoorde in elke sin. Opdrag in die werkboek.

Dag 3
- Skryf vyf sinne oor eie nuus in die werkboek.
- Leerlinge skryf nuwe woorde in die woordeboek agter in die werkboek.

# Week 8

Werkboek 3: bl. 71 - 81
Spellingboek: bl. 69 - 71
Skrifboek: bl. 55 - 56

## 1. Luister en praat

3 dae 15 minute

### Mondelinge werk aan die begin van die dag (Daagliks)

- Bespreek die weerkaart en pas dit aan.
- Wens leerlinge geluk wat verjaar.
- Bespreek spesiale gebeurtenisse van die dag.
- Voltooi die register.
- ’n Paar leerlinge vertel hulle nuus. Neem beurte, luister sonder onderbreking en toon respek vir die spreker.

### Gefokusde luister- en praataktiwiteite

Dag 1
Leerlinge bespreek verskillende beroepe: veearts, dokter, tandarts, polisieman, brandweerman, slagter, die onderwyser, winkelier, ensovoorts.

Dag 2
Leerlinge bespreek: beroepe wat hulle graag wil volg.

Dag 3
Leerlinge bespreek: beroepe wat hulle graag wil doen.
Integreer met lewensvaardigheid.

## 2. Lees en klanke

### Gedeelde lees

3 dae 20 minute

Werk klassikaal met al die leerlinge.

Dag 1
Lees ’n boek in klasverband saam met die onderwyser. (Eie keuse)

Dag 2
Bespreek die hoofgedagte, karakters en storielyn.

Dag 3
Leerlinge sê of hulle van die storie gehou het en gee redes. Beantwoord ’n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat gegrond is op die leesstuk.

## Groepbegeleide lees

5 dae ◐ 30 minute

Groepe van ses – tien leerlinge lees dieselfde teks onder begeleiding van die onderwyser. (15 minute elk)

Gebruik ’n gegradeerde leesboek vir groeplees.

1. Inleiding:
   - Stel die onderwerp bekend.
   - Help leerlinge om die onderwerp aan hul eie lewenservaring te koppel.
2. Bespreek prente of illustrasies en wys belangrike inligting uit.
   - Stel vrae oor moontlike verloop van die gebeure.
   - Bespreek nuwe of moeilike woorde voordat leerlinge self die les lees. (2 – 3 minute)
3. Eerste lees:
   - Leerlinge lees die teks individueel – hardop, fluisterlees of stillees.
   - Beweeg van leerling tot leerling en luister na ’n kort teksgedeelte wat hardop gelees word.
   - Moedig leerlinge aan om korrek te lees.
4. Bespreking:
   - Bespreek die antwoorde op vrae.
   - Sluit klankfokus, begrip of taalaspek in by die bespreking.

## Lees in pare en selfstandig lees (ekstra leesoefening)

Leerlinge kry die geleentheid om hulle leesvaardigheid in te oefen en word aangemoedig om selfstandig te lees.
Leesinoefening moet plaasvind op ’n gereelde daaglikse grondslag.

- Leerlinge lees boeke op hul eie of in pare.
- Klas- of groepleesboeke kan herlees word.
- Aanvullende leesboeke en “pretboeke” kan gebruik word.
- Leerlinge kan in pare sit om saam te lees of beurte neem om te lees.

- Onafhanklike aktiwiteite vir leerlinge wat nie deelneem aan groeplees nie.

  Maandag
  - Spelreël: Woorde wat op –rk, -nk, -ns, -mp eindig kry ‘-ie’ in die verkleiningsvorm, byvoorbeeld hark – harkie.
  - Kies tien woorde uit die spellys en maak sinne in spelllingboek.

  Dinsdag
  - Lees die leesstuk “**Die sneeuman**” in die werkboek en onderstreep die woord wat pas op die volgende bladsy.

  Woensdag
  - Doen die werkkaart oor saamgestelde woorde in die werkboek.

  Donderdag
  - Leerlinge vra vir mekaar raaisels in die werkboek. Antwoorde is op bladsy 81 van die werkboek.

Vrydag
- Lees vir genot uit die leeshoekie in klas. Voltooi die werkkaart oor "Boeke gelees" in die werkboek.

## Klanke

3 dae 15 minute

Dag 1
- Lees en klank spellyswoorde saam met die onderwyser.
- Verduidelik die moeilike woorde.
- Lees die sigwoorde.
- Voornaamwoorde: blokkiesraaisel in die spellingboek.

Dag 2
Speltoets -ie in die werkboek (10 woorde)

| | |
|---|---|
| varkie | fronsie |
| klankie | spensie |
| plankie | drankie |
| lampie | hempie |
| bankie | pensie |

Dag 3
Diktee -ie (werkboek)
Onderstreep die woord wat pas.
1. Die (varkjie, varkie) bly in 'n varkhok.
2. Jan hark die blare met 'n (harktjie, harkie).
3. Die (lampie, lampjie) brand in die kabouter se (huisie, huissie).
4. Ouma se beskuit is in haar (spensie, spensjie)
5. Sus se (rompjie, rompie) is te klein.
6. Die hondjie het 'n vet (pensie, penssie).

# 3. Skryf

## Handskrif

3 dae 15 minute

Dag 1
- Leerlinge oefen skrifstrokie 1 in die skrifboek.
  *Ek is gebore op ........................*
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen letters en woorde.

Dag 2
- Leerlinge oefen skrifstrokie 2 in die skrifboek.
  *Die 25 ste Desember is dit weer Kersfees.*
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen letters en woorde.

Dag 3

- Leerlinge oefen skrifstrokie 3 in die skrifboek.
  *Op die 1 ste Januarie is dit Nuwe Jaar!*
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen letters en woorde.
- Sinne: Eie sinne uit die leesboek.

## Selfstandig skryf

3 dae 20 minute

Dag 1

Soek die woorde op die lys in ’n woordeboek en skryf die betekenis langsaan in die werkboek.

Dag 2

Trappe van vergelyking in die werkboek.

Dag 3

Skryf ’n berig uit ’n koerant in die werkboek.

# Week 9

Werkboek 3: bl. 82 - 90
Spellingboek: bl. 72 - 74
Skrifboek: bl. 57 - 58

## 1. Luister en praat

3 dae 15 minute

### Mondelinge werk aan die begin van die dag (Daagliks)

- Bespreek die weerkaart en pas dit aan.
- Wens leerlinge geluk wat verjaar.
- Bespreek spesiale gebeurtenisse van die dag.
- Voltooi die register.
- ’n Paar leerlinge vertel hulle nuus. Neem beurte, luister sonder onderbreking en toon respek vir die spreker.

### Gefokusde luister- en praataktiwiteite

Dag 1
Leerlinge neem beurte en vertel hul eie storie met ’n begin, middel en einde.
Dag 2
Leerlinge neem beurte en vertel hul eie storie met ’n begin, middel en einde.
Dag 3
Leerlinge praat oor ’n gevaarlike situasie wat hulle self beleef het (in logiese volgorde).
Bespreek Erfenisdag 24 September
Integreer met Lewensvaardigheid

## 2. Lees en klanke

### Gedeelde lees

3 dae 20 minute

Werk klassikaal met al die leerlinge.
Dag 1
Lees die gedig “**Wat ek wil word**” saam met die onderwyser. Leerlinge toon ’n persoonlike reaksie op die teks.
Dag 2
Bespreking om woordeskat, begrip en taal te bevorder.

Dag 3
Gedeelde skryf: Opdrag in die werkboek
1. Soek rymwoorde en skryf dit neer.
2. Soek sinne met uitroeptekens en skryf dit neer.
3. Soek selfstandige naamwoorde en skryf dit neer.
4. Soek werkwoorde en skryf dit neer.

## Groepbegeleide lees

5 dae ◐ 30 minute

Groepe van ses – tien leerlinge lees dieselfde teks onder begeleiding van die onderwyser. (15 minute elk)

Gebruik ’n gegradeerde leesboek vir groeplees.
1. Inleiding:
   - Stel die onderwerp bekend.
   - Help leerlinge om die onderwerp aan hul eie lewenservaring te koppel.
2. Bespreek prente of illustrasies en wys belangrike inligting uit.
   - Stel vrae oor moontlike verloop van die gebeure.
   - Bespreek nuwe of moeilike woorde voordat leerlinge self die les lees. (2 – 3 minute)
3. Eerste lees:
   - Leerlinge lees die teks individueel – hardop, fluisterlees of stillees.
   - Beweeg van leerling tot leerling en luister na ’n kort teksgedeelte wat hardop gelees word.
   - Moedig leerlinge aan om korrek te lees.
4. Bespreking:
   - Bespreek die antwoorde op vrae.
   - Sluit klankfokus, begrip of taalaspek in by bespreking.

## Lees in pare en selfstandig lees (ekstra leesoefening)

Leerlinge kry die geleentheid om hulle leesvaardigheid in te oefen en word aangemoedig om selfstandig te lees.
Leesinoefening moet plaasvind op ’n gereelde daaglikse grondslag.
- Leerlinge lees boeke op hul eie of in pare.
- Klas- of groepleesboeke kan herlees word.
- Aanvullende leesboeke en “pretboeke” kan gebruik word.
- Leerlinge kan in pare sit om saam te lees of beurte neem om te lees.

- Onafhanklike aktiwiteite vir leerlinge wat nie deelneem aan groeplees nie.

  Maandag
  - Verkleinwoorde: Woorde met kort vokale (a, e, i, o, u) uit klinkergroep 3, kry by verkleining ’n dubbel-medeklinker -‘ie’, byvoorbeeld: hek - hekkie.
  - Die slotkonsonant verdubbel.
  - Leerlinge kies tien woorde uit die spellys en maak sinne in die spellingboek.

Dinsdag

- Lees die gedigte “**Die Roomyskar**”, “**Die Kalfie**” en “**Wit en rooi**” saam met ’n maat.
- Voltooi die werkopdrag in die werkboek.

Woensdag

- Kyk na prentjies van “Die slee” in die werkboek.
- Nommer die prentjies in die regte volgorde.
- Skryf ’n sin by elke prent.

Donderdag

- Voltooi die blokkiesraaisel oor dieregeluide in die werkboek.

Vrydag

- Lees vir genot uit die leeshoekie in die klas. Skryf jou boek se naam (titel) en outeur (skrywer) agter in jou werkboek, sê of jy die boek geniet het en gee ’n rede.

## Klanke

3 dae 15 minute

Dag 1

- Lees en klank die spellyswoorde saam met die onderwyser.
- Verduidelik die moeilike woorde.
- Lees die sigwoorde saam met die onderwyser.
- Verkleinwoorde – kort klanke. Blokkiesraaisel in die spellingboek.

Dag 2

Speltoets in die werkboek (10 woorde)

| | |
|---|---|
| bakkie | rokkie |
| lappie | sussie |
| bokkie | nessie |
| vlekkie | kassie |
| flessie | kappie |

Dag 3

Diktee (werkboek)

Maak die foute in die leesstuk reg met ’n kleurpotlood.

**Die lomp krokodil**

Krokodil het grood voete en ’n lank stert. Partykeer strykel hy oor sy sterd. Partykeer fal hy oor ales. Dan lag sy vriente. Hulle noem hom lomp Krokedul.
Eendag stap hy verbei Volstrys wat pryme pluk. “Dag, Volstrys” roep hy. Hy sien nie die stomp warop Volstrys stan nie.
“Pardoef!” slaan Volstruis neer. Die emer beland op sy kop. Al die diere lag te leker.

# 3. Skryf

## Handskrif

3 dae 15 minute

Dag 1
- Leerlinge doen skrifstrokie 1 in die skrifboek
  *Olifantsweg* 135
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen woorde.

Dag 2
- Leerlinge oefen skrifstrokie 2 in die skrifboek.
  *Seekoeilaan* 264
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen woorde.

3 dae 20 minute

Dag 3
- Leerlinge oefen skrifstrokie 27.3 in skrifboek.
  *Vyfdelaan* 798
- Klem word gelê op korrekte spasiëring tussen woorde.
- Sinne: Skryf drie sinne uit die leesboek.

## Selfstandig skryf

Dag 1
Skryf ± agt sinne oor ’n “natuurramp” in die werkboek.

Dag 2
Vervang die woord in ‘hakies’ met ’n gepaste woord in die werkboek.

Dag 3
Skryf vyf sinne oor eie nuus in die werkboek en gebruik die aangeleerde klanke, sigwoorde, hoofletters en punte.
Leerlinge skryf nuwe woorde in die woordeboek agter in die werkboek.

# Week 10: Assessering

## Voorbeelde vir informele assesseringssaktiwiteite.

Luister en praat (mondeling en/of prakties)

- Gebruik interessante woorde en beskrywings in mondelinge taal.
- Stel oplossings vir probleme voor, veral woordprobleme in Wiskunde.

## Formele assesseringsaktiwiteit 1

Luister en praat (mondeling en/of prakties)

- Voer onderhoude met mense volgens ’n bepaalde doel soos om meer uit te vind oor die persoon se werk.
- Luister na ’n storie en identifiseer die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in die storie.

## Formele assesseringsaktiwiteit 2

Luister en praat (mondeling en/of prakties)

- Neem deel aan besprekings en gee sinvolle terugvoering.
- Kan die logiese volgorde van gebeure weergee.

## Formele assesseringsaktiwiteit 3

Luister en praat (mondeling en/of prakties)

- Luister vir besonderhede in stories en ander mondelinge toetse, en beantwoord oopeindevrae, byvoorbeeld “Wat gaan jy doen as jy groot is?”
- Vertel ’n storie met ’n begin, middel en einde.
- Doen ’n mondelinge aanbieding: vertel nuus of praat oor ’n ervaring in logiese volgorde.

# Assessering

## Voorbeelde vir informele assesseringssaktiwiteite

Klanke (mondeling en/of prakties

- Gebruik beide klanke en lettername om woorde te spel.
- Doen woordbou-aktiwiteite deur die klanke te gebruik wat onderrig is.

## Formele assesseringsaktiwiteit 1

Klanke (mondeling en/of prakties en/of skriftelik.

- Herken en gebruik meervoude van klanke wat uit twee vokale bestaan (byvoorbeeld mier – miere; boek – boeke) en tweeklanke (byvoorbeeld deur – deure; vlooi – vlooie)
- Herken en gebruik meervoude by woorde wat uit lang vokale bestaan soos boom – bome.
- Herken en gebruik meervoude van eenlettergrepige woorde wat 'n verdubbeling van die slotmedeklinker neem soos potte, koppe, visse.

## Formele assesseringsaktiwiteit 2

Klanke (mondeling en/of prakties en/of skriftelik)

- Herken en gebruik verkleinwoorde van eenlettergrepige woorde wat op –ng eindig en –etjie as verkleinvorm kry, soos dingetjie.
- Herken en gebruik verkleinwoorde van meerlettergrepige woorde wat op –ng eindig, soos garinkie.
- Herken en gebruik verkleiningsvorme met –ie, -tjie, -pie, -jie soos muisie, deurtjie, soompie, matjie.

## Formele assesseringsaktiwiteit 3

Klanke (mondeling en/of prakties en/of skriftelik)

- Herken verkleinwoorde waarin die slotkonsonant verdubbel, soos bussie, kassie, takkie.
- Verdeel woorde in lettergrepe soos blaar – bla-re; katte – kat-te; hande – han-de.

## Voorbeelde vir informele assesseringsaktiwiteite

Lees (mondeling en/prakties en/of skriftelik)

Gedeelde lees
- Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat gegrond is op die leesstuk.  Byvoorbeeld: "Moes die kind se ouma haar vertel het dat .....?"

Groepbegeleide lees
- Lees verskillende genres,soos toneelstukke.
- Leerlinge monitor hulself in terme van woordherkenning en begripsvaardighede tydens lees.

Lees in pare/selfstandig lees
- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees eie en ander se skriftelike werk.

## Formele assesseringsaktiwiteit 1

Lees (mondeling en/prakties en/of skriftelik)

Gedeelde lees
- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en bespreek die hoofgedagte, karakters en storielyn.
- Sê of hy of sy van die storie hou en kan die antwoord motiveer. Byvoorbeeld: "Ek het van die storie gehou omdat ......"

Groepbegeleide lees
- Lees stil en hardop uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep werk met dieselfde storie volgens die groep se leesvlak.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede om onbekende woorde te lees.

## Formele assesseringsaktiwiteit 2

Lees (mondeling en/prakties en/of skriftelik)

Gedeelde lees
- Interpreteer inligting van grafiese tekste soos advertensies, illustrasies, plakkate, grafieke, kaarte.

Lees in pare/selfstandig lees

- Lees self boeke wat tydens gedeelde lees gelees is, storieboeke en ander tekste uit leeshoekie, volgens die leerling se leesvlak. Lees enige ander teks, soos leesboeke, wat die vorige jaar of aan die begin van die jaar gelees is, volgens die leerling se leesvlak.

## Formele assesseringsaktiwiteit 3

### Lees (mondeling en/prakties en/of skriftelik)

Gedeelde lees

- Lees teks wat vergroot is soos gedigte, grootboeke, plakkate en elektroniese teks as ’n klas saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Interpreteer inligting van illustrasies, plakkate, advertensies en diagramme.
- Lees ’n verskeidenheid gedigte oor ’n onderwerp en bespreek die gedig soos vorm, betekenis en woordkeuse.

Groepbegeleide lees

- Oefen stillees en hardoplees uit ’n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep werk met dieselfde storie volgens die groep se leesvlak.
- Leerlinge pas selfkorrigeringsstrategieë toe wanneer hulle lees: herlees, aanlees, pouseer.
- Lees met toenemende vlotheid, uitdrukking en korrekte uitspraak.

# Assessering

## Voorbeelde vir informele assesseringsaktiwiteite

Handskrif

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke, werkkaarte ensovoorts af.  Skenk aandag aan korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif/skrif met verbindings.

## Formele assesseringsaktiwiteit 1

Handskrif

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke en werkkaarte af en skenk aandag aan korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif of skrif met verbindings.

## Formele assesseringsaktiwiteit 2

Handskrif

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke en werkkaarte af en skenk aandag aan korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif of skrif met verbindings.

## Formele assesseringsaktiwiteit 3

Handskrif

- Skryf met toenemende spoed.

## Voorbeelde vir informele assesseringsaktiwiteite

Skryf

- Lees eie skryfstukke aan die klas voor.
- Skep ’n eie woordbank en persoonlike woordeboek.

## Formele assesseringsaktiwiteit 1

Skryf

- Skryf persoonlike tekste in verskillende vorme: ’n dagboekinskrywing, ’n brief aan ’n familielid, ’n beskrywing.
- Gebruik ’n verskeidenheid woordeskat om skriftelike werk meer interessant te maak.
- Gebruik verskillende sinstrukture soos stelsinne, vraagsinne, bevelsinne.

## Formele assesseringsaktiwiteit 2

Skryf

- Beplan, skryf, redigeer en bied eie storie aan van ten minste twee paragrawe, of tien of meer sinne en voorsien die skryfstuk van ’n opskrif.
- Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Gebruik klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.

## Formele assesseringsaktiwiteit 3

Skryf

- Som op en hou verslag van inligting deur middel van breinkaarte, tabelle, kennisgewings, diagramme of kaarte.
- Identifiseer en gebruik selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, bywoorde en voorsetsels korrek.
- Voeg sinne saam deur voegwoorde te gebruik soos en, maar, want.